

Saterdag 3 September

Skrif- en Fokusgedeelte: 1 Konings 18:30-39

God hoor gebede!

Konteks bepaal alles rondom jou omgaan met God. Agab was 'n wrede koning wat verder as sy voorgangers ontspoor het. Hy het geen ontsag vir God gehad nie. Hy trou met die beeldskone Isebel, dogter van koning Etbaäl van die Sidoniërs. Sy sou Agab tot die Baäldiens verlei. Saam vermoor hulle die priesters van die Here ... en later ook vir Nabot vir sy wingerd.

God verdra dit nie. Elia moet gaan bid dat dit vir drie en 'n half jaar nie moet reën nie. Dit gebeur. Gelowiges ly onder die sonde van ongelowiges. Tog versorg die Here sy kinders op wonderbaarlike maniere. Agab is woedend. Hy wil Elia vermoor.

Drie en 'n half jaar is verby. Elia moet weer gaan bid. Hy ontbied al die Baäldienaars en profete wat nog oorleef het ná die berg Karmel. Niemand durf op twee gedagtes te hink nie: “As die Here God is, volg Hom, maar as dit Baäl is, volg hom” (vs 21). Albei groepe moes 'n offer bring, maar nie self aan die brand steek nie. Hulle moes dit afbid.

Heeldag het die Baälpriesters gesmeek en gekerm, later hulleself stukkend gesny terwyl Elia met hulle spot: “Roep bietjie harder ...” maar alles was tevergeefs, afgode is stom en doof (Ps. 115).

As Elia bid, is dit anders, die gebed van 'n regverdige het 'n kragtige uitwerking – “Here, God van Abraham, Isak en Israel ... antwoord my.” Nie net stuur God vuur nie, maar ook reën.

Almal besef dat Hy die Here is, val op hulle knieë en bely heerlik: “Die Here is God, die Here is God.”

Sing: Psalm 63:1, 2

Dr. PK (Pieter) Lourens (Emeritus)